

Switserse ras gedy in Suid-Afrika se 'Alpe'

Hoog bo in die Drakensberge, in een van die mooiste dele van Suid-Afrika, gedy een van die land se oudste Braunvieh-stoeterie vir meer as 76 jaar. Hy is sentimenteel oor die beeste van sy voorouers, sê mnr. Gawie Naudé en hy glo dat die ras 'n groter staanplek in die land verdien.

Ná die oorvloedige reën die afgelope paar maande is die heuwels en dale lowergroen as 'n mens laat in Februarie saam met mnr. Gawie Naudé (58) van Buttermead by Rhodes in sy viertrek-voertuig deur die kampe ry om foto's van die Braunviehbeeste te neem. In jou verbeelding kon jy net sowel iewers in Switserland gewees het.

Is dit 'n ras wat besig is om uit te sterf? wonder ek as ons stihou by die trop verse wat rustig hoog bo op die plato, 1 700 meter bo seespieël, wei. "Nee, jong, dit is seker omdat hulle nie 'n rooi huid het nie en die verkeerde tipe bulle in die 1950's ingevoer is dat die Bruin Switser, wat nou as die Braunvieh bekend staan, nie die verbeelding van meer boere in die land aangryp het nie," sug Naudé.

Hy vertel dit is sy ouma se pa, mnr. Willie Stapelberg, wat van Lady Grey se wêreld gekom het, wat in 1896 Buttermead gekoop het. Sy oupa, Gawie Naudé, het in die 1930's daarheen getrek en in 1936 sy eerste drie dragtige koeie by die Van Jaarsvelds van Dordrecht gekoop. Toe die kalwers in November daardie jaar aangekom het, is die stoeterie geregistreer. Dit is ook dieselfde jaar wat 'n stoeterie in Winburg geregistreer is. Albei is vandag die oudste Braunvieh-stoeterie in die land. Die twee stoeterie is verlede jaar met



Mnr. Gawie Naudé met die oorspronklike sertifikate toe die stoeterie meer as 75 jaar gelede gestig is.

spesiale oorkondes van die Braunvieh-telersgenootskap bekroon vir 75 jaar se teling.

Naudé het van 1975 tot 1992 saam met sy pa, Willem, geboer en het tans sowat 100 geregistreerde vroulike Braunviehs. Hy onthou die tweespalt tussen die telers van die dubbeldoel- en melktipe Bruin Switser, veral op die skoue, oor watter eintlik die mees gewenste tipe was. (Hy het van 1982 tot 1997 in die Braunvieh-telersgenootskap gedien en was



ook vir 'n tyd lank die ondervoorsitter.)

"Die dwarstrekkerie het die ras baie skade aangedoen. Baie van die sowat 100 telers het hulle aan die genootskap onttrek, en in 1997 is besluit dat elkeen maar sy eie pad gaan loop. Die dubbeldoeltipe se naam is na Braunvieh verander en die melktipe sou voortaan as die Dairy Swiss bekend staan."

Ofskoon Naudé die Braunvieh steeds as 'n dubbeldoelras beskou, het hyself die afgelope dekade meer klem op die vleiseienskappe begin lê. "Ek soek nie meer 20 liter melk van 'n koei per dag nie. As sy net genoeg het om haar kalf goed groot te maak, is ek meer as gelukkig."

Omdat die Braunvieh bekend is vir sy goeie melkeienskappe, maak dit uitstekende kruisings met enige ras, veral Brahmane, vertel hy. "Dit bring meer vleis en melk na die tafel, en, as ek mag sê, ook 'n bietjie kalmte in die ras."

Die meeste van sy kliënte is boere in Noordwes. "Aangesien die ras in die Europese Alpe ontwikkel is en 'n besonder hoë rooibloedstelling het, vaar hulle ewe goed in die warmer

Braunvieh-verse saam met die stoetvaar hoog op 'n plato op Buttermead.





streke van die land, soos die Kalahari, en in Namibië.

“Met net 40 telers van die ras in die land is daar ’n relatiewe tekort aan vroulike teelateriaal, aangesien daar net sowat 2 500 geregistreerde vroulike diere is.

“Die verkeerde tipe bulle is in die 1950’s uit Switserland ingevoer, wat probleme met geboortes veroorsaak het. Die Europese tipe Braunvieh is grootraambeeste. In Suid-Afrika het telers al meer na mediumraambeeste met verkieslik ’n effe hangkruis en groter pelvisopening beweeg. Streng seleksie teen probleme tydens geboortes word gedoen.

“Onafhanklike toetse is ook gedoen om die persepsie dat die ras se vleis ’n ‘growwe draad’ het, uit die weg te ruim. Die uitslag het getoon dat dit nie die geval was nie.”

Naudé sê hoewel hy net sowat 30 kruisings op die plaas het, het hy nie veel ander keuses as om op die stoeterie te fokus nie weens die feit dat die plaas relatief klein is (912 hektaar en ’n verdere 500 hektaar huurgrond). Hy en sy seun, Willem, het ook ’n Miniatuurperdstoeterie. ▶

Die pragtige uitsig oor die plaas Buttermead en die dorpie Rhodes op die agtergrond.



50 MILJOEN MENSE WORD DAAGLIKS DEUR BOERE GEVOED



Die gemiddelde Suid-Afrikaanse boer voed 1 600 mense per dag. Hierdie boere voed derhalwe altesaam 50 miljoen mense per dag en verdien jaarliks R46 biljoen vir die land. ’n Stabiele landbousektor is daarom noodsaaklik vir Suid-Afrika vir volgehoue groei en welvaart.



PANNAR®

Prestasiebeproeft saad

Globale Tegnologie



Plaaslike Prestasie

www.pannar.com

infoserve@pannar.co.za

2012/CORP/A/001A

◀ Die Naudés verkoop die meeste van hul bulle op die Vryburg-veiling. Daar is egter ook goeie belangstelling in die Oos-Kaap. Die beste prys wat hy al gekry het, was R50 000 vir 'n bul op Vryburg. Op die laaste veiling was daar 'n aanbod van R75 000 vir nog een van sy stoetvaarders. Hy was egter nie bereid om teen daardie prys te verkoop nie.

'Aangesien die ras in die Europese Alpe ontwikkel is en 'n besonder hoë rooibloedsel-telling het, vaar hulle ewe goed in die warmer streke van die land, soos die Kalahari, en in Namibië.'

Op 'n vraag of dit nie net om sentimentele redes is dat hy nog met die ras boer nie, is daar 'n huiwering in sy stem: "Dit is iets wat ek myself al baie keer afgevra het, aangesien die kommersiële gebruik van suiwer Braunvieh baie beperk is. Aan die ander kant het ek nog altyd geglo dat as jy boer met dit waarvoor jy lief is, sal jy sukses behaal. Omdat die stoetery so oud is, het ons van die beste teelmateriaal in die land. Om dit te vervang, sal baie kos. My pa het altyd gesê daar is nie 'n 'wonderbees' nie. Eintlik kan ek nie eens voorsien in die behoefte wat daar aan die bulle en vroulike diere is nie."

Teelbeleid

Naudé doen prestasietoetsing en die bulle vaar veral goed in fase C-toetse. Die bulle se gemiddelde voeromsettingsverhouding (VOV) beloop net meer as 5 kg voer vir elke kilogram gewigstoename. Een van sy bulle wat verlede jaar aan die fase C-interraskampioenskap van die LNR deelgeneem het, se gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) was 2,36 kg en die VOV 4,72 kg. Die indeks waarde van die GDT was 132 en die VOV 122, die beste van alle rasse in die betrokke kompetisie.

Naudé skryf sy goeie kalfpersentasie van 95% aan kruipvoeding toe. Terwyl die kalwers nog aan die koeie suip, kry hulle 'n gebalanseerde proteïen-en-energieantsoen. Dit bring mee dat die kalwers 'n maand vroeër gespeen kan word wanneer hulle gemiddeld 50% van hulle ma se gewig het (gemiddeld 250 kg). Omdat die koeie meer tyd het om te herstel, kalf hulle goed. Die verse word al op die ouderdom van 14 maande gepaar as hulle 350 kg weeg.

"Daar is boere wat meen dat verse wat vroeg kalf, nie so groot gaan uitgroei nie. Ons erva-



Die goeie kalfpersentasie van 95 is aan kruipvoeding te danke.

ring was egter dat hulle meer gereeld kalf as 'n koeie wat haar eerste kalf eers op 30 maande kry. Baie telers is behep met lae geboortegewig en wil kalwers hê wat by geboorte van 30 kg tot 32 kg weeg. Ek glo solank die kalf nie 7% van haar ma se geboortegewig oorskry nie, het jy 'n kalf wat vinniger gewig gaan aansit. 'n Kalfie van 28 kg kan na my mening nie dieselfde gewigstoename hê as een wat 38 kg by geboorte weeg het nie."

In die strawwe winters as die temperatuur tot 10 °C onder vriespunt kan daal, kry die koeie met kalwers op Buttermead droëvoer en 'n proteïenlek. Naudé het ook onlangs 'n tunnel teen R73 000 op die plaas opgerig waarin voergarsspriete verbou word. Die melkkoeie, speenkalwers en lammers wat op die veld afgerond word, kry daaglik daarvan.

Naudé, wat vir die distriksmunisipaliteit op Barkly-Oos as 'n omgewingsprojekbestuurder werk om sy inkomste aan te vul, sê die Braunvieh is bekend vir sy langlewendheid en baie laktasies. "Hier is baie koeie wat al ouer as 13 jaar is en maklik nog twee kalwers in hul leeftyd sal gee.

"Vir my is daar twee belangrike kriteria om 'n beesras te kies. Die een is om 'n liefde vir die betrokke ras te hê en 'n dier te kies wat goed in jou omgewing presteer. As die Braunvieh aan dié vereistes voldoen, is dit beslis 'n ras om te oorweeg. Buitendien is die prys van die diere nog baie billik vergeleke met dié van baie ander rasse. En, soos my pa altyd gesê het, as almal hardloop, dan moet jy stilstaan. Produksiegewys sal iemand wat Braunvieh kies, nie agter in die ry staan nie. Die donker

pigment, swart kloue, goeie GDT en temperament maak hulle baie gesog by voerkraal-eienaars."

Naudé is ook bemoedig deur baie mense wat op skoue na hom toe kom en sê dat hulle as kinders die ras as die Bruin Switser geken het. "As ons telers net meer vroulike diere aan die mark beskikbaar kan stel en die kleurvooroordele uit die weg kan ruim, sal die ras sy regmatige staanplek kry. Dit is ook verblydend dat daar al meer navrae uit Europa vir Suid-Afrikaanse teelmateriaal is. Dit is hier onder die Afrikason waar ons die diere hard gemaak het en dit is wat baie Europese boere vandag soek." **LB**

LANDBOUWEEKBLAD VRA . . .

Wat maak jou die mees opgewonde oor jou boerdery?

Die uitdaging wat die stoetveebedryf bied.

Wat is die grootste fout wat jy in jou boerdery gemaak het?

Dat ek te lank saam met die familie geboer het. Ek moes vroeër my eie ding op die plaas gedoen het.

Wie was jou mentor as jong boer en wat was die belangrikste ding wat jy by hom geleer het?

My pa, Willem, wat my 'n liefde vir diere en die veld geleer het.



Mnr. Gawie Naudé